Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

# MEDIAVERKLARING

25 Mei 2022

## Selfdoen noodsaaklik vir ’n beter toekoms

“Ter wille van oorlewing en ter wille van ons kinders, word ons gedwing om nog ’n staats verantwoordelikheid oor te neem.”

Dit is die mening van Friedl von Maltitz, vise-president van Vrystaat Landbou, na afloop van “’n teleurstellende vergadering met die top politiese struktuur in die Vrystaat” om die paaie krisis aan te spreek. VL is na dié vergadering “oortuig dat ons self aksie gaan moet neem indien die probleme met die paaie oorkom wil word.” sê von Maltitz.

Vrystaat Landbou sukkel reeds sedert Januarie om ’n vergadering met die Vrystaatse Premier te belê om die paaie krisis in die provinsie te bespreek. Die vloede en bo-gemiddelde reënval wat Januarie/Februarie oor die hele provinsie voorgekom het, het die reeds verswakte paaie infrastruktuur net vererger.

Dr Jack Armour, kommersiële bestuurder van VL, bevestig dat die organisasie na vele geskrewe versoeke en mediaberigte ’n uitnodiging van die Vrystaatse direkteur-generaal ontvang het om die Uitvoerende Komitee op 18 Mei toe te spreek. VL se delegasie was teleurgesteld dat die Premier asook die LUR van Finansies nie self teenwoordig was nie. Die LUR verantwoordelik vir paaie het sonder verskoning laat by die vergadering aangesluit.

Na VL se deeglike uiteensetting van die probleme met die paaie en sistemiese probleme in die paaie departement, het die LUR vir polisie, paaie en vervoer aangedui dat hy reeds kennis dra van al die probleme op die paaie. Dr Armour bevestig dat die LUR beklemtoon het dat daar 281 regsake teen die departement aanhangig gemaak is en is die departement nie van voorneme om enige skikkings in hierdie aksies aan te gaan nie.

VL het nog geen antwoorde gekry op die onderstaande vrae wat al sedert November 2021 pertinent aan die LUR en sy departement gerig is:

1. Hoeveel werkende padskrapers is daar in die Vrystaat en hoeveel padskraper operateurs is in diens van die departement
2. Wat is die skedule vir skraap van grondpaaie in die 5 paaie distrikte binne die perke van beskikbare toerusting en personeel tot die departement se beskikking, en hoekom is die begroting vir grondpaaie vir 2022/23 verklein van R120mil na R50mil?
3. Wat is die finale paaie begrotings en aksieplan wat die grond- en teerpaaie uiteensit waarvoor begroot word wat hierdie finansiële jaar aandag gaan geniet?
4. Hoekom is R140mil oorspandeer aan salarisse terwyl daar geen “pik en graaf” werkers in die diens van die departement is nie? Wat word gedoen om die topswaar burokratiese struktuur om te draai?

5. Hoekom is R194mil vir paaie herstel aan tesourie teruggestuur terwyl die krisis so erg is?
6. Wat is die staat se verwagting van ŉ PPP (publieke-privaat vennootskap) want boere verwag om betaal te word vir werk en koste wat hulle doen en aangaan vir die staat teen markverwante pryse of belastingaftrekkings. Die huidige werkswyse in terme waarvan die verwagting blyk te wees dat dit gratis gedoen word, is nie volhoubaar nie.

Die voorsitter van die vergadering het wel gesê dat VL se kwessies na die Ekonomiese kluster verwys sal word vir deeglike beantwoording.

In die afwesigheid van ŉ daadwerklike plan van die departement het VL aan die vergadering ŉ lys 10 dringende teer- en 10 dringende grondpaaie oorhandig wat ons verwag dringende aandag behoort te kry.

VL het intussen ŉ veldtog geloods om fondse in te samel om boere te help wie noodgedwonge iets moet doen om hulle paaie toeganklik te kry sodat plaasprodukte op die verbruikers se etenstafel kan kom. Die skakel na die veldtog is: https://vrystaatlandbou.co.za/fix-our-roads-fix-our-future/ Enige persoon of instansie kan ŉ bydrae aan Vrystaat Landbou se paaie fonds maak by: ABSA, tak 632005, Rekening 470940670 met verwysing "Paaie" + u selnommer.

**VL delegasie wat die vergadering bygewoon het:**

Mnr Friedl von Maltitz

Vise-president en Voorsitter Landelike Ontwikkeling, Vrystaat Landbou

083 462 7476

Mnr Kempen Nel

Voorsitter van die Kommersiële komitee van Vrystaat Landbou

082 948 2480

Mnr Jakkals le Roux

Voorsitter van die Landelike Veiligheid komitee van Vrystaat Landbou

082 781 8241

Dr Jack Armour

Kommersiële Bestuurder, Vrystaat Landbou

071 672 0271/ jack@vslandbou.co.za

Dr Jane Buys, 082 922 8434 / jane@vslandbou.co.za

Veiligheid Risiko Analis, Vrystaat Landbou

**Woordvoerder:**

Gernie Botha

Hoof Uitvoerende Beampte, Vrystaat Landbou
082 376 4435 / gernie@vslandbou.co.za

**Mediabeampte:**
Elana Bester
083 483 1859 / elana@vslandbou.co.za